Hoërskool Oosterlig
Geskiedenis Graad 10
Opdrag 5 Datum: Gegee: 08-06-2020
Inhandig: 15-07-2020

Naam en Van:_____

Bestudeer die gegewe Bronne en beantwoord dan die vrae wat volg. Maak ook gebruik van jou eie kennis waar van toepassing.

BRON 3A

Hierdie bron lewer kommentaar op die impak van die Naturelle Grond Wet van 1913 op swart Suid-Afrikaners.

Die eerste groot toets vir die nuwe organisasie (Die Suid-Afrikaanse Naturelle Nasionale Kongres, gestig in 1912) het hom gou voorgedoen. Deur op vroeëre idees van segregasie te bou ... het die Unie-regering 'n beleid van territoriale segregasie aanvaar en grond eenkant gehou vir die eksklusiewe gebruik van blankes en swartes (laasgenoemde is ingeperk tot minder as tien persent van die land) – deur die Naturelle Grond Wet (1913). Duisende familielede van pagters is weggejaag van blankes se grond af, na 'geskeduleerde areas' of na dorpe. In sy beroemde woorde het Solomon Plaatjie, een van die stigters van die ANC, gesê: 'Toe die Suid-Afrikaanse naturel op Vrydagoggend, 20 Junie 1913 wakker geword het, het hy hom, nie werklik as 'n slaaf nie, maar as 'n uitgeworpene in die land van sy geboorte bevind.'

[Vertaal uit: *Nelson Mandela and the rise of the ANC* deur J Schadeberg]

BRON 3B

Hierdie bron verduidelik die impak van die implementering van die Naturelle Grond Wet van 1913 op Maria. Die storie was die gevolg van verskeie onderhoude wat deur Sol Plaatje gevoer is nadat die Naturelle Grond Wet van 1913 ingestel is.

Tussen die plakkers op dieselfde plaas as Kgabale was 'n weduwee genaamd Maria. Haar man het, terwyl hy nog geleef het, as huurder op die plaas gewoon en aandele ingeploeg tot en met sy dood. Na sy dood het Maria die kontrak behou en 'n goeie lewe gelei. Haar seun en dogter, onderskeidelik veertien en sestien jaar oud, het beurte gemaak om vee op te pas en hulle ma op ander maniere bygestaan.

... vir Maria, wat 'n weduwee was, en haar seun nog minderjarig, sou 'n mens hoop dat die landheer redelike terme sou voorstel; maar in plaas daarvan was sy voorstel dat sy ontslae raak van haar kleinvee en haar kinders aan hom verhuur as kontrakarbeiders. Maria het dit moeilik gevind om aan die landheer se versoek te voldoen. ... die landheer het toe, so sê hulle, Maria se strooidakhuis aan die brand gesteek, ... en Maria, met haar beddegoed op haar kop, en op die koppe van haar seun en dogter, terwyl sy haar drie-jaar-oue seun op haar rug dra, het van die plaas af geloop, terwyl sy haar beeste voor haar aanjaag. Om afskeid te neem van ... hul ou huis in ruil vir 'n leë en onbekende een, het die kinders bitterlik laat huil.

[Vertaal uit: *Native Life in South Africa* deur Sol T Plaatje]

Verwys na Bron 3A.

1.1 Watter 'groot toets' het op die SANNC gewag nadat dit gestig is in 1912?

_____

_____

(1 x 1) (1)

1.2 Waarom, dink jy, is die Naturelle Grond Wet van 1913 op swart Suid-Afrikaners afgedwing?

_____

_____

_____

_____

_____

(1 x 2) (2)

1.3 Noem TWEE gebiede waarheen pagters gedwing is om te trek as gevolg van die Naturelle Grond Wet van 1913.

_____

_____

(2 x 1) (2)

1.4 Volgens Sol Plaatje het die Naturelle Grond Wet van 1913 swart Suid-Afrikaners in ondergeskikte posisies geplaas. Noem TWEE.

_____

_____

_____

_____(2 x 1) (2)

1.5 Hoe, dink jy, het die Naturelle Grond Wet van 1913 swart gesinne geraak?

(2 x 2) (4)

Bestudeer Bron 3B.

1.6 Watter versoek, volgens die bron, het die landheer op Maria afgedwing?

(1 x 2) (2)

1.7 Definieer die konsep kontrakarbeid in jou eie woorde.

(1 x 2) (2)

1.8 Waarom het die landheer Maria se strooidakhuis aan die brand gesteek?

_____

_____

(1 x 2) (2)

1.9 Waarheen het Maria gegaan toe sy van die plaas af gedwing is?

_____

(1 x 1) (1)

1.10 Verduidelik hoe Maria se menseregte geskend is.

_____

_____

_____

_____

(2 x 1) (2)